



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V2

## FEBRUARIE/MAART 2016

## MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 10 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 1**

1.1
- Aborsie verwys na die verwydering van 'n fetus uit die baarmoeder voordat dit buite die baarmoeder sal kan oorleef.
- Aborsie kan gedoen word as die moeder se fisiese of geestelike gesondheid in gevaar is.
- Dit kan ook uitgevoer word indien nog 'n kind die geestelike of fisiese gesondheid van bestaande kinders in gevaar sal stel.
- Dit is toelaatbaar indien daar 'n groot kans is dat die kind erg gestremd gebore sal word.
- Aborsie kan binne die eerste vier-en-twintig weke van swangerskap plaasvind.
- Die wet laat aborsies op aanvraag vir kinders vanaf die ouderdom van 12 jaar toe. (10)

1.2
- Aborsie vernietig die moeder se selfbeeld.
- Sy moet met die wete saamleef dat sy moord gepleeg het.
- Sy kan moontlik nooit weer swanger raak nie.
- Sy kan inwendige beserings opdoen.
- 'n Vrou kan gestigmatiseer word en deur die gemeenskap verag word.
- Haar liefdeslewe en huwelik kan negatief geraak word.

**LET WEL:** *Ander relevante punte moet aanvaar word.* (10)

1.3 VOORBEELD 1: CHRISTENDOM
- Lewe is heilig en behoort aan God. Slegs God het die reg om 'n swangerskap te beëindig.
- Lewe begin by bevrugting, omdat daar nie 'n onderbreking tussen bevrugting en geboorte is nie. Aborsie neem dus 'n lewe.
- Die Tien Gebooie sê jy mag nie moord pleeg nie. Dus is aborsie verkeerd.
- Elke persoon het 'n natuurlike reg op lewe.
- Die Rooms-Katolieke Kerk leer dat aborsie verkeerd is, maak nie saak wat die omstandighede is nie.
- In die boek Jeremia 1:5 sê God: 'Nog voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; voordat jy gebore is, het Ek jou aan My gewy.'
- 'n Fetus is 'n potensiële persoon en aborsie vernietig sy/haar reg op lewe.
- Sommige Christene glo dat aborsie verkeerd is, maar dat dit onder sekere omstandighede toegelaat moet word.

VOORBEELD 2: ISLAM
- Indien die geboorte van 'n kind die moeder se lewe in gevaar stel, is aborsie toelaatbaar.
- 'Moenie jou kinders uit vrees vir armoede doodmaak nie. Ons onderhou jou en hulle; bly weg van skandelike dade af' (Sura 6:151).
- Die Islamitiese lering laat aborsie tot op 120 dae van swangerskap toe.
- Dit word ook toegelaat indien die gesondheid van die baba in gevaar is.
- Volgens die Sjaria, is die lewe van die moeder altyd belangriker as die lewe van die ongebore baba.

- Sommige Moslems glo dat die siel op die oomblik van bevrugting ontvang word, dus is die fetus 'n mens. Dit is waarom hulle aborsie verwerp.
- Die Koran sê moord is verkeerd, en om hierdie rede is aborsie moord, omdat lewe by bevrugting begin.
- Sommige Moslems glo dat die Koran aborsies verbied.
- Die juriste sê dat aborsie deur middel van medikasie toelaatbaar is, solank die embrio nog nie 'n menslike vorm aangeneem het nie.

VOORBEELD 3: HINDOEÏSME

- Daar is verskillende houdings oor aborsie in Hindoeïsme.
- Sommige Hindoes glo dat aborsie nooit toegelaat kan word nie, maak nie saak wat die omstandighede is nie.
- Sommige ghoeroes sê dat alle aborsies verkeerd is.
- Hulle glo in die heiligheid van lewe en dat dit slegte karma gee as 'n lewe geneem word.
- Sommige Hindoes glo dat aborsie slegs toelaatbaar is indien die moeder se lewe in gevaar is.
- Hulle voer aan dat Hindoe-leringe oor ahimsa voorskryf dat geweld slegs as 'n laaste uitweg gebruik moet word, wat slegs sal wees wanneer die moeder se lewe in gevaar is.
- Die heiligheid van lewe beteken dat aborsie verkeerd is tensy die fetus die heiligheid van die moeder se lewe bedreig.
- Die leringe van Gita dat die siel nie aangetas of beskadig kan word nie, beteken hier dat aborsie nie karma sal beïnvloed nie.
- Hulle glo dat lewe nie begin voor die fetus buite die baarmoeder oorleef nie. (16)

1.4

- Godsdienstige organisasies moet jeugkampe reël om die kwessies rondom aborsie te bespreek.
- Hulle moet die gesondheidsdienste gebruik om die jeug wat aborsies wil ondergaan, te ondersteun.
- Godsdienstige organisasies moet geestelike ondersteuning aan mense bied wat alle hoop as gevolg van aborsies verloor het.
- Hulle moet die gemeenskap opvoed oor die situasies wat tot aborsie lei.
- Hulle moet verseker dat geskikste fasiliteite vir veilige aborsies in hulle gemeenskappe beskikbaar gestel word.
- Hulle moet in hulle eie plekke van aanbidding onderrig oor aborsies gee.
- Hulle moet hulle volgelinge leer om nie teen diegene wat aborsies gehad het, te diskrimineer nie.

**LET WEL:** *Alle relevante punte moet aanvaar en daarvoor punte toegeken word.* (14)

**[50]**

**VRAAG 2**

2.1.1 VOORBEELD 1: TAOÏSME

- In Taoïsme is daar nie iets soos die bose nie, omdat alles die Tao is.
- Die geloof is dat alles is soos dit moet wees.
- Die Tao-te Ching sê min oor die bestaan van die bose of die stryd daarteen.
- Die Tao-te Ching sê baie oor mense se lyding en hoe die lewe op so 'n manier geleef kan word dat lyding beperk word.
- Menslike lyding ontstaan wanneer menslike begeertes skeefloop.
- Taoïste glo dat daar nie vir ons rede is om met ander dinge in konflik te wees nie.
- Volgens die Tao gebeur 'n wonderwerk wanneer jy jouself volgens die ware aard van die Tao oriënteer – jy ontdek dat die lewe 'n amper wonderbaarlike krag het om interessant en verrykend te wees as gevolg van die aard daarvan.

VOORBEELD 2: JUDAÏSME

- Die lede van die Joodse Godsdiens glo dat mense almal goed gebore word.
- Elke persoon het 'n heilige vonk, 'n heilige siel met onbeperkte potensiaal om goed te doen.
- God gee aan almal vrye wil om te kies of hulle hierdie goedheid wil behou, of nie.
- Dit is baie belangrik om te doen wat God wil hê jy moet doen.
- Deur persoonlike groei kan ons die bose oorkom.
- Judaïsme glo dat God liefdevol is en dat alles wat uit Hom voortspruit, goed is.
- Die bestudering en toepassing van die Tora word as 'n teenvoeter vir die bose beskou.
- Wanneer mens sonde pleeg, kan mens deur belydenis nader aan God beweeg en mens self verbeter. (10)

2.1.2 VOORBEELD 1: TAOÏSME

- Volgens die Tao is die wêreld in ooreenstemming met die konsep van die goddelike of die heelal.
- Die wêreld het outomaties as deel van die Tao se aktiwiteite ontstaan.
- Die wêreld het eenvoudig saam met al die res verskyn.
- Die wêreld bestaan uit prosesse van skepping en vernietiging, of 'n afwisselling tussen die yin en yang.
- Vir die Taoïs is die waarste beskrywing van die waarneembare wêreld dat dit skynbaar uit teenoorgesteldes bestaan wat mekaar afwissel, en dit is die aard van die heelal.
- Omdat dit baie moeilik is om presies te weet wanneer prosesse van rigting verander, sê Taoïste dat hierdie onvoorspelbaarheid 'n fundamentele waarheid van die Tao is.

VOORBEELD 2: JUDAÏSME

- God het die Hemel en die Aarde in ses dae geskep en op die sewende dag gerus.
- In Judaïsme is die sewende dag 'n Sabbat of dag van rus.
- Die wêreld is so geskep dat dit perfek is vir die mens en diere om in te leef.
- Die aarde en alle lewende dinge behoort aan God.
- Die mens is na die beeld van God geskape om namens Hom oor die wêreld te heers.
- Adam en Eva is die eerste mense wat deur God in die Tuin van Eden geskep is. (10)

2.1.3 VOORBEELD 1: TAOÏSME

- Volgens die Taoïste is die dood eenvoudig 'n proses van transformasie waartydens 'n mens van een vorm na 'n ander oorstap.
- In hierdie godsdiens word gelowiges aangemoedig om nie vir die dood bang te wees nie, en dat hulle dit selfs moet spot.
- Die Taoïste gee nie om om dood te gaan nie, hulle word geleer om dit te waardeer.
- Die dood word ook verstaan as 'n fase in die voordurende proses van transformasie wat die heelal as 'n geheel kenmerk.
- Die oortuiging is dat mens nie lewe na die dood of 'n soort hemel nodig het nie.

VOORBEELD 2: JUDAÏSME

- Die dertien artikels van geloof sê dat die dooies in die tyd van die Messias opgewek sal word.
- Judaïsme glo dat mense se siele na 'n ander bestaan gaan wanneer hulle sterf.
- Die Tora bespreek nie hierdie wêreld nie, maar sinspeel net daarop.
- Die mondelinge tradisie brei uit oor die begrip van hierdie wêreld, en tog is daar verskeie misteries oor die presiese besonderhede daarvan.
- In hierdie geloof word ook geglo dat mens 'n plek of gedeelte van die wêreld wat kom, verdien deur goeie dade te doen.
- Die geloof in die wêreld wat kom, is gebaseer op die oortuiging dat die siel terugkeer na 'n plek van spirituele nabyheid aan sy bron – dus na God. (10)

2.2

- Die Oerknalteorie is tans die gewildste wetenskaplike teorie oor die skepping van die heelal.
- Hierdie wetenskaplike teorie beweer dat niemand weet wat voor die Oerknal bestaan het nie.
- Na die Oerknal het die heelal verskyn en tot 'n enorme grootte gegroei.
- Die Oerknal het ongeveer 15 biljoen jaar gelede plaasgevind.
- Klein temperatuurverskille in die eerste ontploffing het tot verskillende digthede in die heelal gelei.
- Dit het uiteindelik dwarsdeur die heelal trosse (klusters) gevorm.

VOORBEELD 1: HINDOEÏSME

- Volgens die Hindoes is die heelal die skepper; die skepper het altyd en sal altyd bestaan.
- Die skepper het nie beperkinge nie, en dus is dit nie 'n hy of sy of enigiets anders nie.
- Die skepper is eenvoudig die skepper. Die skepper bestaan in óf 'n aktiewe óf 'n passiewe staat.
- Na 'n baie lang tyd word die skepper aktief. Dit is wanneer dele van die heelal anders as ander dele lyk en is, en die skepping begin.
- Mense is 'n produk van skepping.

VOORBEELD 2: MIDDE-OOSTERSE GODSDIENSTE

- Die geskrifte van die Midde-Oosterse godsdienste (Judaïsme, Christendom en Islam) is na bewering deur God geïnspireer of dit word as die direkte woord van God beskou.
- Hulle deel 'n soortgelyke beskouing van die skepping.
- Daar is een almagtige, alomteenwoordige en perfekte Wese.
- Hy het die mens as die kroon van die skepping geskep.
- Die skepping het ses dae geneem. Dit het begin deur lig van donker te skei.
- Dit is uit niks uit geskep en daar was aanvanklik net twee mense.
- Die mense is uit klei gemaak.

**LET WEL:** *Enige een Abrahamitiese geloof moet aanvaar word.* (20)

**[50]**

**VRAAG 3**

3.1 3.1.1 VOORBEELD 1: ISLAM

*Soenni:*

- Daar is nie geestelike leraars in Soenni-Islam nie.
- Enige gelowige lid kan op 'n gemeenskapsraad dien.
- In bestuur/leierskap word die soenna van die Profeet gevolg.
- Skrifgeleerdes van Islam en gemeenskapslede dien op beheerrade van moskees, madrassas en skole.

*Sjia:*

- Die Sjia vereer die afstammelinge van die Profeet, en glo dat hulle die goddelike reg het om hulle te lei.
- Bestuur/leierskap word deur moellas hanteer.
- Die moellas het ook baie politieke invloed.
- Hulle gebruik die titel 'imam' vir sekere oudleiers wat volgens geloof deur God gekies is.

VOORBEELD 2: HINDOEÏSME

- Tradisionele Hindoeïsme het geen sentrale bestuur/leierskap nie.
- Hervormers het binne die bestaande stelsel gewerk. Daar was geen wegbreekbewegings nie.
- Tradisionele bestuur/leierskap is om die huis en plaaslike tempel gesentreer.
- In Indië is elke tempel onafhanklik wat betref bestuur/leierskap.

- Plaaslike priesters bepaal die rituele wat in 'n gemeenskap beoefen word.
- Vandag is daar gestruktureerde Hindoe-bewegings in lande met 'n groot Hindoe-teenwoordigheid buite Indië.
- In Suid-Afrika is hierdie liggaam die 'South African Hindu Maha Sabha'.
- Daar is ook streeksorganisasies met 'n linguistiese en kulturele fokus (byvoorbeeld Goedjarati, Telegoe). (14)

3.1.2 VOORBEELD 1: ISLAM

*Soenni:*

- Godsdienspraktyke is streng volgens die Soenna van die Profeet, soos neergelê in die Hadit.
- 'n Imam is eenvoudig die leier van 'n gemeentelike gebed.
- Imam word in Soenni-Islam nie met formele opleiding verbind nie.
- Die konsep van moetta (tydelike huwelik) word nie in Soenni-Islam erken nie.

*Sjia:*

- Die leringe van Ali en Fatima, dogters van die Profeet, word meer op die voorgrond gebring.
- Die pelgrimsoord van Hussein in Karbala is 'n belangrike pelgrimstog vir die Sjiïete.
- Moetta word nie in Sjia-Islam toegelaat nie.
- Daar is twee skole van regsopinie – Akbari en Usuli.

VOORBEELD 2: HINDOEÏSME

- In tradisionele Hindoeïsme is die beoefening van huishoudelike en tempelrituele verpligtend vir almal.
- Hierdie rituele neem baie tyd in beslag.
- Hindoe-gelowiges steek lampe aan en berei voedsel op die korrekte wyse voor.
- In Neo-Hindoe-bewegings word minder klem op rituele geplaas.
- In Neo-Hindoe-bewegings word die klem meer op individuele en groepstoewyding (bhakti) beplaas.
- Toewyding word ook aan 'n spesifieke goddelike vorm gerig.
- In baie gevalle sluit sulke toewydingsessies 'n formele rituele element in.
- Aanbidding vind by die huis en in die tempel plaas.
- Debatte en die uitruil van idees tussen skole en tradisies word aangemoedig. (16)

3.2 VOORBEELD 1: HINDOEÏSME

- Hindoeïsme het ongeveer 2500–1700 VAE ('BCE') in die Indusvallei in Indië onstaan.
- Die terme 'Hindoeïsme' en 'Hindoe" is afgelei van die naam van die Sindhoe-rivier, wat sy oorsprong in die Himalajaberge in noordelike Indië het.
- Persiese immigrante het die rivier die 'Indus' genoem, en die mense wat langs dit woon, 'Hindus'.
- Gevolglik het hulle godsdiens en kultuur later as Hindoeïsme bekend gestaan.
- Die heilige boeke van Hindoeïsme is die Vedas (die ou weergawe) en die Bhagavad Gita (die kontemporêre een).
- Hulle is in twee hoofkategorieë verdeel, naamlik Shruti en Smriti.
- 'Shruti' beteken 'wat gehoor word' en 'Smriti' beteken 'wat onthou word'.
- Die Shruti is die kern van alle Hindoe-denke en is dus die belangrikste deel van die tekste.
- Die ghoeroes (spirituele leraars) het 'n belangrik rol as die oordraers van wysheid gespeel.
- Diegene wat goddelike openbarings (shruti) ontvang het, het dit gewoonlik mondeling aan die volgende generasie oorgedra.
- Die oorsprong van hierdie heilige kennis het oor tyd in die vergetelheid geraak.
- Dit is vir lang tye gesirkuleer voordat dit op skrif gestel is.
- Dit is onmoontlik om die outeurskap van hierdie geskrifte vas te stel.

VOORBEELD 2: BOEDDHISME

- Die heilige teks van Boeddhisme is die Pali Kanon.
- Dit is aanvanklik deur die mondelinge tradisie oorgedra, en is uiteindelik in die Prakrit-taal op skrif gestel.
- Soms word die teks die Tripitaka genoem, wat 'drie mandjies' beteken.
- Dit is oorspronklik op palmblare neergeskryf wat in drie mandjies geplaas is.
- Verse uit die Pali Kanon (Dhammapada) beeld hoë morele waardes en eerlikheid uit.
- Die skryfstyl word algemeen as poëties en mooi beskou.
- Dit bevat baie waarhede wat mense van verskillende godsdienste kan waardeer.
- Dit is in drie gedeeltes ingedeel, Vinaya Pitaka, Abhibhama Pitaka en Sutta Pitaka.
- Vinaya Pitaka – beskryf korrekte handelinge en reëls van monastiese dissipline.
- Abhidhama Pitaka – bevat filosofie, poësie, kommentaar en doktrines.
- Sutta Pitaka – bevat die leringe van Boeddha. (20)

**[50]**

## VRAAG 4

4.1 *Goddelike inspirasie*

- Dit verwys na die asem (mag en kennis) van 'n buitengewone wese wat in 'n persoon ingeblaas is.
- Die buitengewone wese of mag kom in die gewone persoon in en neem die persoon se eie asem.
- Goddelike inspirasie is 'n baie belangrike normatiewe bron in verskeie godsdienste.
- Daar word geglo dat goddelike inspirasie plaasgevind het in diegene wat van aangesig tot aangesig met God of 'n goddelike mag gekom het.
- Die stigters van verskeie godsdienste is geïnspireer om die verskillende godsdienste te vestig, bv. Moses, Jesus, die Boeddha, Mohammed en Baha'u'llah.

*Kontemporêre inspirasie*

- Kontemporêre inspirasie beteken 'n huidige inspirasie wat in hierdie era plaasvind.
- Die godsdiensleiers en ander gewone lede van godsdienste wat in hierdie era geïnspireer word, is deel van kontemporêre inspirasie.
- Kontemporêre inspirasie word as riglyn gebruik deur die volgelinge van 'n sekere godsdiens.
- Vandag vind ons steeds mense wat geïnspireer word om boeke en liedere te skryf.
- Hierdie individue wy hulself gewoonlik aan 'n sekere leefstyl en ervaring. (10)

4.2

- Grammatiese en historiese konteks
- Duidelikste betekenis
- Plan, doelwit en konteks
- Betekenis van woorde
- Figuurlike taalgebruik
- Ander heilige tekste (10)

4.3 JA

- Sekularisme is die oortuiging dat regering/bestuur en moraliteit nie op godsdiens gebaseer moet word nie.
- Die moderne Westerse demokrasieë is sekulêre state.
- Wangedrag deur godsdiensleiers veroorsaak dat mense teleurgesteld raak in godsdiens.
- Die skeuring tussen die Rooms-Katolieke en Protestante was een van die oorsake van die opkoms van sekularisme in die Weste.
- Die meeste mense het gedink dat die samelewing slegs vreedsaam sal kan wees indien daar 'n skeiding tussen die regering en die kerk is.
- Die ontwikkeling van drukkuns het tot die verspreiding van sekularisme bygedra, omdat meer mense geletterd geraak het.
- Die onregverdige verspreiding van die ekonomie, wat tot 'n klassestryd gelei het, het ook bygedra omdat die meerderheid in die hoër klasse skrifgeleerdes was.

NEE

- In die Ooste is godsdiens steeds 'n sterk verenigende faktor.
- Voorbeelde is Indië, Indonesië en Japan.
- In al hierdie gevalle hou kultuur baie nou verband met godsdiens.
- Dit versterk godsdienstige oortuigings en gebruike.
- Daar is 'n meer harmonieuse verhouding tussen godsdiens en tegnologie in Oosterse samelewings.
- Dit kan gesien word in Oosterse godsdienste wat geen probleem met Darwin se teorie en die Oerknalteorie het nie.

**LET WEL:** *Ander relevante punte moet aanvaar word.* (10)

4.4 VOORBEELD 1: ISLAM

- Islam leer dat Allah die skepper van alles in die hemel en op aarde is.
- Die eerste mens was Adam, wat God uit klei gemaak het.
- Allah het Sy gees in Adam ingeblaas, en hy het lewendig geword.
- Hierdie mense het die hoogste status van al Allah se skeppings gekry.
- Eva (Hawwa) is daarna uit Adam se ribbebeen gemaak.
- Hulle het oorspronklik in die Paradys gewoon.
- Mense is geskep sodat hulle Allah kan aanbid.
- Volgens die evolusieteorie is die mens nie perfek geskape nie.
- Mense, soos alle ander spesies, het geleidelik geëvolueer (van vorm verander) en meer kompleks geraak deur suksesvolle variasie.
- Darwin het geglo dat die mens nie 'n hoër status het nie, maar dat die mens in die stryd om oorlewing beter aangepas het en daardeur bevoordeel is, terwyl ander wat nie het nie, gesukkel het om te oorleef.
- Beide die wêreld en spesies het oor tyd verander.

VOORBEELD 2: HINDOEÏSME

- Hindoes het nie 'n probleem met evolusie nie, omdat die heelal op evolusie gebaseer is.
- Hindoeïsme is die enigste godsdiens wat 'n ooreenkoms met evolusie toon.
- Hulle het 'n meer gevorderde teorie van evolusie as die wetenskaplike, teorie omdat die wetenskaplike teorie op waarneembare feite gebaseer is.
- Hindoeïsme verskaf 'n meer omvattende beskouing omdat dit die spirituele insluit.
- Wetenskaplikes beskou evolusie as 'n proses wat per ongeluk gebeur.
- Hindoes glo dat jy beheer oor beide fisiese en spirituele evolusie het.
- 'n Goeie lewe lei tot geleidelike evolusie na 'n gevorderde vorm.
- Uiteindelik sal die mens uit die fisiese bevry word en een word met God.
- Darwin se teorie staan nie in konflik met Hindoe-denke en -oortuigings nie.
- Darwin se teorie het bygedra tot die begrip van evolusie tot Moksja. (20)

**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou